

# Skyn teenwoordigheid teenoor ware teenwoordigheid

*"Nothing makes us so lonely as our secrets."* – Paul Tournier

## Skyn teenwoordigheid teenoor ware teenwoordigheid

Hierdie is 'n ernstige saak in die gemeente. Dit is veral die mense op die rante wat

eerste ons onttrekking aanvoel – onttrekking ten gunste van die geselskap van invloedryke mense. Teenwoordigheid beskryf 'n betrokkenheid waar die teenwoordigheid van twee of meer mense 'n vlak van hart-tot-hart verbintenis bereik wat nie sommer vanself gebeur nie. Dit is 'n verbintenis diep genoeg om te besef dat God in ons midde is en aan ons gesprek deelneem.

Die gevolg van ware teenwoordigheid is dat mense voel dat hulle waardeer word; hulle voel daar word vir hulle omgee en hulle word versorg; dat mense sal agterkom as hulle nie teenwoordig is nie; dat hulle beïnvloed word om geestelik te groei. Dit is duidelik dat teenwoordigheid baie verskillende dinge beteken. Onderliggend is die gevoel dat die Heilige Gees teenwoordig is in die gesprek.

Wat is die kern van teenwoordigheid? 'n Moeder wat haar baba teen haar bors vashou – die kind voel veilig, gevoed; die kind weet sy moeder het hom lief. Die moeder het dit laat gebeur.

Die herder wat sy skape oppas. Omdat hy in hulle midde is, is die skape kalm – hulle voel hulle word beskerm en teer behandel as hulle siek is. Dit gebeur as gevolg van die herder.

Jesus het die belang van teenwoordigheid besef.

Vir Saggeus, die korrupte belastinggaarder, sê Hy dat Hy daardie dag by Saggeus kom eet. Implikasie: ek en jy moet bymekaar wees en praat oor die rigting van jou lewe.

Jesus ontmoet die Samaritaanse vrou by die put. Hy ignoreer die kulturele reëls en verskuif die gesprek van putte en drinkwater na 'n gesprek wat op haar geestelike lewe fokus. Met sy vrae en antwoorde is Hy teenwoordig sodat sy, en die mense van haar dorp, 'n geestelike geboorte mag ondervind.

Jesus was teenwoordig by die siekes en diegene met gebreke en diegene met geestesversteurings. Hy was teenwoordig by die een misdadiger aan die kruis toe Hy aan hom belowe het dat hulle daardie dag saam in die paradys sal wees.

Wat beteken dit in die praktyk? Ons is sensitief vir mense. Ons lees hulle gesigsuitdrukkings, die boodskap in hulle oë, hulle stemtoon, wat gesê word en wat nie gesê word nie. Ons is geduldig. Ons glo ons rol is om te luister; om saam met 'n ander persoon deur donker dae te loop Ons tree in vir ander mense. Ons dien hulle.